Verander lewens

Transforming lives

VCSV UCSA

VCSV/UCSA Winklespruit Seekamp inligting 22-28 September 2019

Waarom VCSV Winklespruit?

Omdat ons hier by die VCSV deur die Here Jesus Christus gebruik word om lewens-veranderende ervarings vir jongmense te skep, is ons daarvan oortuig dat die Here Winklespruit kampe vir die laaste 71 jaar gebruik om jongmense te begelei na 'n dieper belewenis in hulle verhouding met Hom. Dit is 'n unieke geleentheid om jongmense se lewens positief te beïnvloed sodat hulle teruggaan na hul skool, gemeente en gemeenskap om 'n verskil te maak. Maak seker jy skryf in vir die **VCSV** kamp en nie 'n ander seekamp by Winklespruit nie.

Waarom JY hierdie kamp nie moet misloop nie!

Winklespruit kamp bied jou 'n wonderlike geleentheid om die Almagtige Skepper God te ontmoet, of beter te leer ken, indien jy reeds uitgevind het hoe wonderlik Hy is! Ontmoet ander jongmense wat ook lief is vir die Here – dit is lekker om te sien dat daar nog ander jongmense is wat dieselfde as jy voel. Kom geniet die lof-en-aanbiddingsessies saam 'n live worship band, asook die lering en groei in jou geloof. Kom word deel van die familie. Ons is nie voltallig as JY nie hier is nie!

Jy groei saam in jou kleingroepie met 'n leier in geloof, terwyl jy hope pret het tydens aktiwiteite! Julle bly, gesels, eet, speel, bid, sing en swem saam. Daaglikse saal- en strandaktiwiteite, sluit in grootskaalse gesels, lag, trane, vrae, speletjies, antwoorde en lof-en-aanbidding. Wees daar om onvergeetlike herinneringe te bou! Sonopkoms stiltetyd op die duine is 'n ervaring wat defnitief weer op die program is. Gaan kyk gerus op ons facebook blad na vorige jare se belewenisse. Sy drome vir jou is beter as wat jy ooit kan dink!

Vertrek-en-aankoms tye:

Die kamp skop af Sondag **22 September 2019** wanneer ons vanaf Hoërskool Waterkloof in Pretoria, vertrek. Registrasie is tussen **05:00 en 05:30 (Vroegoggend).** (Buslyste word vooraf uitgewerk vir kontrole). Personeel vergesel die leerders op die busse. Busse vertrek stiptelik om **06:00**. Daar sal 'n vinnige stop by die Petroport te Heidelberg wees om Oos-Rand leerders op te laai asook by Harrismith met wie daar gereël sal word.Ons sal dan weer **Saterdag 28 September om-en-by 17:00** terug wees by Hoërskool Waterkloof. Busse stop weer by dieselfde plekke.

Wat jy moet saambring:

- Gemaklike, skaflike klere, (onthou iets warm indien dit sou reën),
- Swemklere;
- Beddegoed;
- Bybel, notaboek en pen;
- Sakgeld vir snoepie en snuisterye (OTM en winkelsentrum naby);
- Toiletware;
- Eetgerei;
- Medikasie. **NB:** Dit alles moet pas in een standaard grootte tas en 'n dra-sak per persoon.

Camp Extreme LIFE Outdoor Wellness Academy

Love CAN 1 Corinthians 13:4-5

Die Hoekie

Eco-Schools

Christian Camping Southern Africa

Winklespruit Fonds

Ons is opgewonde oor die Winklespruit Fonds! Ons wil graag soveel as moontlik tieners die geleentheid bied om hierdie kamp mee te maak. Raak betrokke by ons die fonds en gee iemand anders die geleentheid om dieselfde lewensveranderende ervarings te hê.

Koste, Terme & Voorwaardes

Daar was al menige getuienisse van tieners wat vertel hoe hulle Vader vertrou het vir die kampgelde, siende dit geheel en al onmoontlik was om dit self te betaal, en hoe Hy voorsien het bo verwagting. Niks is vir Hom onmoontlik nie.

Inskrywings sluit Vrydag 6 September 2019. Koste is **R2500 pp vir tieners en groepleiers** wat busgeld, verblyf (6 nagte) en etes insluit. **R2000 pp indien met eie vervoer ry (groepleiers verplig om met bus te ry).** As jy van eie vervoer gebruik maak moet jy Sondagmiddag 15:00 by die terrein wees en vertrek eers weer Saterdagoggend om 08:00. Jy moet vir die volle kamp daar wees.

Geen besoekers word op die kampterrein toegelaat nie, en jy kan ook nie iemand anders gaan besoek tydens die kamp nie. Geen sigarette, alkohol, dwelms of derglike middels asook enige materiaal van ander gelowe mag op die kamp geneem word nie. Geen boelie of swak gedrag of skending van persoon in watter opsig ookal word geduld nie. Indien wel, bestaan die moontlikheid om onmiddellik op eie onkoste huistoe gestuur te word.

Die volle bedrag is betaalbaar 3 weke voor die kamp begin. Begin sommer vandag 'n gedeelte te betaal, dan is dit nie so 'n groot bedrag op een slag nie. Geen gelde sal met kansellasie terugbetaal word nie, aangesien ons lank voor die kamp reeds die uitgawes moet dek. 'n Kwitansie sal per e-pos gestuur word wat jou inskrywing vir die kamp bevestig. Indien jy graag iemand anders wil borg of algemene kampkostes wil verlig, kan jy 'Donasie' as verwysing gebruik. As dit vir 'n persoon is, gebruik die persoon se naam en van as verwysing. Indien jy 'n **borgvorm** wil bekom kan jy 'n e-pos aan my rig. Die vorm word slegs op versoek uitgereik vir kontrole doeleindes. Skakel met jou skool se jeugwerker, kerkkantoor, familie en vriende vir borge.

Die bankbesonderhede is:

VCSV Projekte 2
ABSA 632005,
Rekening nommer 4045315731
Verwysing: jou naam en van (Moenie 'Winklespruit' gebruik nie)

Inskrywingsvorm vir leerders

https://goo.gl/forms/KuuL3wVyccuehcfZ2

Inskrywingsvorm vir vrywilligers groepleiers en personeel

https://goo.gl/forms/T4DzVmW1s5hHzwdU2

Bly op hoogte:

Volg ons en plaas ook jou foto's en getuienis by:

Winklespruit VCSV/UCSA

winklespruit_seekamp

Seënwense,
Janine Snyman

Kamporganiseerder
0824636175 / janine@vcsv.co.za